

**Belofte** = iets wat jy sê wat jy gaan doen of verwagting van iets.

# Ark Blitz

Liewe Ouers

Lot se lewe wys vir ons hoe verkeerde keuses ons in groot moeilikheid kan laat beland. God laat ons egter nie aan ons eie keuses oor nie. Hy red ons elke keer. Ons kry 'n tweede kans om God weer eerste in ons lewe te stel.

## Illustrasie:

\* **Plant** = Nuwe Christene / mense

\* **Water** = Woord/ beloftes van God

\* **Glas of Plastiek Houers** = die plan draers van God soos Abram/ Lot/ ek en jy

\* **Tafel met besittings** = skielik moet jy vlug. Wat neem jy saam?

**Waarmee is jy gevul?**

**Is jy bruikbaar of nog VOL ander dinge?**



## Les 18 – MAAK MY SKOON

Maats lees: Gen 18:1 en 19: 1-26

Ons sien dat Lot kies om in Sodom te gaan bly. Dit was 'n stad vol slegte mense. Die mense het glad nie God nommer een in hulle lewe gestel nie. Hulle was mense wat met hulle dae en woorde wys dat hulle nie lief is vir God nie. Dit het sommer gou sleg gegaan met Lot. Hy is deur vyande aangeval en deur goddeloses omring. Ons vra aan die kinders om saam te dink of kinders van God ook verkeerd kan kies? Ons wys daarop dat ons met ons woorde en dae kan wys dat ons nie lief is vir God nie. Ons misbruik die Naam van Here of ons sê ons is Sy kinders maar met ons lewe en optrede jok ons eintlik. Twee engele het die aand in die Sodom aangekom. Lot het by die Sodom se poort gesit en hy het hulle gesien. Hy het opgestaan om hulle te ontmoet en hy het met sy gesig teen die grond gaan lê. Hy het gesê: "Menere, kom na my huis en bly vannag daar en kom was julle voete. Dan kan julle môre opstaan en verder gaan." Lot het aangehou om hulle te nooi en hulle na sy huis geneem en vir hul ongesuurde brood gebak en laat eet. Toe die inwoners van die stad hoor daar slaap twee vreemde mans by Lot het hulle dadelik na Lot se huis gegaan om hierdie mans seer te maak. Lot het hulle probeer keer, die twee engele het Lot by die deur ingedruk en die deur toegemaak. Hulle het die mans van Sodom blind gemaak dat hulle nie Lot se huis se deur kon kry nie. Die twee engele vra toe vir Lot: "Is hier nog van jou mense? Neem hulle uit hierdie stad uit, want ons gaan die stad verwoes." Lot het sy toekomstige skoonseuns gaan roep, maar hulle het gedink Lot maak 'n grap en Lot nie geglo nie omdat God nie vir hulle belangrik was nie. Toe dit dag word, het die twee engele vir Lot gesê hy moet gou maak. "Kom, neem jou vrou en jou dogters wat by jou is, sodat die Here jou nie ook straf wanneer Hy die stad straf nie. "Lot het nog 'n bietjie gewag. Toe gryp die 2 mans sy hand, sy vrou en dogter se hande en neem hulle tot buite die stad. "Julle moet vlug as julle wil lewe! Moenie agtertoe kyk nie en moenie êrens in die vallei stilstaan nie. Vlugh na die berge, anders sal julle sterf!" Lot se vrou was nie gehoorsaam nie en het agtertoe gekyk en in 'n soutpilaar verander.

Lot se verkeerde keuses het baie slegte gevolge vir hom en sy familie gehad. God kom geen aan Lot 'n tweede kans om Hom weer nommer een in sy lewe te maak. Dit het van Lot gevra om God se boodskap te glo en om gehoorsaam te wees.

Soos die Here vir Abraham (en sy nageslag) 'n land gegee het, so gee Hy ook vir ons 'n plek en 'n kans om te leef. Hy help ons kies en seën ons, maar soms wil ons net ons eie ding doen. Ons stel God tweede. Ons maak ander sake, mense of besittings nommer een in ons lewe. En gou vergeet ons van God en dink dis beter om sonder sy seëninge en beloftes klaar te kom en gaan maak soos wat ons wil, maar God gee ons weer 'n kans. Ons kan terugkom na Hom en Hom weer nommer een in ons lewe maak. Ons kan die dinge wat ons bo God gestel het, eenkant toe skuif. Ons kan weer gaan leef soos God van ons vra – ons kan sy Naam eer deur dit was ons doen, leef en praat.

### Lot VS Sodom

• Vriendelik	• Onvriendelik
• Gasvry	• Niemand is welkom, geen gaste
• Lot deel sy huis en kos	• Hou alles vir hulleself /Ek is belangrikste
• Lot wil sy gaste beskerm	• Wil gaste seermaak
• Lot het God lief	• Woorde en dae wys dat hulle nie vir God lief is nie
• Lot glo in God	• Praat sleg van God
• Lot is gehoorsaam	• Glo nie aan God nie
	• Ongehoorsaam



'n Seën = Om God se guns, voorspoed, goeie wens aan ander te gee

